**Kleinskool Initiative**

**Verslag 20 Oktober 2025**

**Die hoofpunte sedert die vorige Diensterreinvergadering word kortliks uitgelig:**

1. **Verandering van direksielede**

   Die KI raad is verander en dit moet by beide die bank (Nedbank) en die Departement van Sosiale Ontwikkeling geregistreer word. Dit vereis dat 'n aansienlike aantal dokumente verskaf moet word aan beide partye.

   Die bank vereis 'n opgedateerde bewys dat die KI NPO by die Departement van Sosiale Ontwikkeling geregistreer is as 'n NPO. Dit is waarmee ons tans besig is.

   Sodra ons die dokumente van die Departement van Sosiale Ontwikkeling ontvang het sal one dit aan die bank verskaf vir verdere verwerking.

   Wanneer die hele proses afgehandel is voorsien ons dat daar aan alle vereistes van die Departement en Nedbank sal voldoen sal wees en dat ons elke jaar ons jaarverslag en finansiele state aan die Departement sal kan voorsien soos deur hulle vereis word.

2. **Algemeen**

   Ons sal voortgaan met opheffingswerk in Kleinskool.

   Ons oproep om skenkings van die gemeente vir die borg van kinders se skoolgeld het goeie reaksie opgelewer. Daar is R6000 gein.

   Ons probeer steeds om 'n lokaal te kry vir ekstra Wiskunde klasse vir kinders nadat Harvest Christian Church ons versoek afgekeur het om hulle fasiliteit op Saterdae daarvoor te gebruik. Daar sal 'n afspraak gereel word met die hoof van Kleinskool Primary wat binne loopafstand van die gemeenskap. is